

1 Februarie

**Skrifgedeelte: Eksodus 20:1-17; Deuteronomium 5:6-21 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 20:2; Heidelbergse Kategismus 34:92, 93**

### **Die Tien Gebooe**

As God sê: “Ek is die HERE jou God ...” dui God aan dat Hy met Israel ’n verbond opgerig het. Van sy kant het die Here belowe dat Hy vir Israel ’n God sal wees wat hulle sal beskerm en versorg en uiteindelik aan hulle die ewige lewe sal gee (Gen. 17:7, 8; Heb. 11:10, 13-16). Deur hulle uit die slawehuis van Egipte uit te lei, het Hy getoon dat Hy sy kant van die verbond nakom. Israel se kant van die verbond was om aan God gehoorsaam te wees deur sy gebooe (verbondseise) te onderhou. Wie dit nie onderhou nie, maak hom aan bondsbreuk skuldig. Dit geld ook vir ons, want die God van Israel is om Christus ontwil ook ons Verbondsgod.

In Egipte het Israel baie swaar gekry vanweë die slawediens wat hulle moes verrig. God het hulle sonder enige verdienste daarvan verlos. Dit was ’n verlossing uit genade. Daarom moes hulle die wet van die Here met die grootste liefde en ywer onderhou om daardeur hulle dankbaarheid teenoor Hom te toon. Hoeveel te meer moet ons dan nie ook uit dankbaarheid God se wet gehoorsaam nie? Ons deel in Jesus Christus aan ’n groter en heerliker verlossing, naamlik uit die slawehuis van die sonde en die ewige dood.

God het die gebooe op twee tafels aan Moses gegee (Eks. 34:28). In die eerste tafel word ons geleer hoe ons ons teenoor God moet gedra en in die tweede tafel wat ons aan ons naaste verskuldig is. Dit sluit aan by die dubbele liefdesgebod, naamlik liefde tot God bo alles en liefde tot ons naaste soos onself (Matt. 22:37-40). Hieruit leer ons dat ons liefde eerstens op God gerig moet wees en tweedens op ons naaste. Dit beteken dat ons liefde tot ons naaste slegs tot sy reg sal kom as dit bepaal word deur ons liefde tot God.

Alles kom dus daarop neer dat ’n lewe van dankbaarheid ons verhouding tot God en tot ons naaste sal bepaal. Dit word duidelik in die wyse waarop ons die Tien Gebooe onderhou.

Sing: Psalm 40:4 (Totius)

Ds. SA Cilliers (Waterberg)